GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

BEDRYFSEKONOMIE SG

## Possible Answers March 2006

## AFDELING A
VERPLIGTEND

### VRAAG 1

1.1 A
1.2 D
1.3 C
1.4 D
1.5 A
1.6 D
1.7 C
1.8 A
1.9 A
1.10 B
1.11 C
1.12 C
1.13 B
1.14 A
1.15 B
1.16 C
1.17 A
1.18 C
1.19 B
1.20 B
1.21 C
1.22 D
1.23 D
1.24 A
1.25 D 25x2=(50)

1.26 Kaleidoskopiese verpakking
1.27 Spesialiteitsgoedere
1.28 Gesamentlike verpakking
1.29 Publisiteit
1.30 Gelykbreekpunt
1.31 Metodestudie
1.32 Voorkomend
1.33 Vaste bokoste
1.34 Primêre koste
1.35 Begrotings
1.36 JE Effektebeurs

1.37 Sakekamers
1.38 Eie
1.39 Likied
1.40 Oor
1.41 Besluitneming
1.42 Beheer
1.43 Motivering
1.44 Landbank
1.45 Statuut
1.46 Prospektus
1.47 Regspersoonlikheid
1.48 Statuut
1.49 Publieke maatskappy
1.50 Horisontale 25x2=(50)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [100]**

## AFDELING B

### VRAAG 2
### ONDERNEMINGSVORME

2.1.1 Vertikale samesmelting

2.1.2 Stigtersaandele

2.1.3 Sertifikaat van Inligting / Inkorporeringsertifikaat

2.1.4 60 dae

2.1.5 Onbeperk 5x2=(10)

2.2.1 Nommer A = Vennootskap
Nommer B = Private maatskappy (4)

2.2.2 Vertikale samesmelting (2)

2.3 Kenmerke van 'n Beslote Korporasie

- Minstens 1 en maksimum 10 mede-eienaars (Belanghebbendes / Lede)
- Die BK word gesamentlik bestuur deur al die belanghebbendes / lede
- 'n Stigtingsverklaring (CK1) moet voltooi word en by die Registrateur van Beslote Korporasies ingedien word om die BK te registreer.
- Belanghebbendes het beperkte aanspreeklikheid vir die BK se skulde.
- Die naam eindig met die hoofletters BK.
- Omdat die BK geregistreer is, beskik dit oor 'n eie regspersoonlikheid Elke belanghebbende moet 'n bydrae maak in die vorm van geld, eiendom / ander bates of dienste. Daarvolgens word elke lid se % belang in die BK bereken of soos onderling ooreengekom en ingevul op die stigtingsverklaring. *Geen* aandelekapitaal nie.
- Indien 'n belanghebbende sy belang in die BK wil verkoop, moet die res van die belanghebbendes eerste in die saak geken word.

- Die wins word onder die belanghebbendes verdeel volgens elke belanghebbende se % belang in die BK soos aangedui in die Stigtingsverklaring.
- Die BK het ewigdurende bestaanskontinuïteit en ontbind net by insolvensie of deregistrasie
- 'n Maatskappy of ander BK mag nie 'n belang in die BK hê nie
- Finansiële state hoef nie geoudit te word nie
- Moet alle finansiële state tot by die Balansstaat opstel, binne 9 maande na die einde van die finansiële jaar. Die Wet vereis dat elke BK se finansiële state deur 'n rekeningkundige beampte (boekhouer / ouditeur) opgestel moet word.
- Die BK beskik oor regspersoonlikheid en word daarom belas op die wins van die BK teen dieselfde koers as die Maatskappye. Belanghebbendes word belas op hul inkomste uit die BK (Salaris en ander byvoordele)

Enige 4x2=(8)

2.2.4 Kenmerke van 'n Private maatskappy

- 'n Minimum van 1 en 'n maksimum van 50 mede-eienaars (Aandeelhouers)
- Bestuur deur direkteure, gekies uit en deur die aandeelhouers (Minstens 1 direkteur)
- Moet aan die vereistes van die Maatskappywet, No 61 van 1973, soos gewysig, voldoen om die ondernemingsvorm te stig.
- Die aandeelhouers is beperk aanspreeklik vir die skulde van die Maatskappy.
- Die naam moet geregistreer word en eindig op (*Edms.*) *Beperk.*
- Beskik oor 'n eie regspersoonlikheid, onafhanklik van die aandeelhouers
- Kapitaal word voorsien deur die stigters (Promotors)
- Aandele in hierdie ondernemingsvorm is nie vryelik verhandelbaar nie
- Wins word verdeel in die vorm van dividende onder die aandeelhouers, volgens die tipe en hoeveelheid aandele waaroor elke aandeelhouer beskik.
- Ewigdurende bestaanskontinuiteit. Ontbind net by insolvensie
- Hoef nie finansiële state te laat oudit nie. Nie nodig om 'n balansstaat op te stel nie, maar wel wenslik Maatskappy besit regspersoonlikheid en moet dus inkomstebelasting betaal op die wins van die maatskappy. Aandeelhouers betaal inkomstebelasting op hul deel van die wins (Dividende). Dividende onder 'n sekere bedrag soos jaarliks bepaal deur die Minister van Finansies, is vrygestel van inkomstebelasting

Enige 3x2=(6)

2.3 Voordele van 'n vennootskap

- Redelik maklik om te begin (Geen voorgeskrewe regsformaliteite)
- Min ekstra uitgawes vir stigting (Verkieslik 'n ooreenkoms opgestel deur 'n prokureur)
- Gesamentlike besluitneming mag moontlik beter resultate bied
- Kapitaal kan vermeerder/verminder word sonder regsprosedures
- Persoonlike kontak word met klante behou
- Finansieël sterker as 'n eenmansaak
- 'n Sterk persoonlike belang, wat gewoonlik op familiebande berus (bv. Pa, Ma, seuns en dogters is vennote in die vennootskap)
- Werklading en verantwoordelikhede word gedeel deur die vennote
- Vennote kan spesialiseer in 'n deel van die besigheid wat hulle die beste pas
- Nie onderworpe aan talle wetlike vereistes regulasies soos by maatskappye nie

Gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van vennote verhoog die kredietwaardigheid — Enige 3x2=(6)

2.4

- Soorte aandele en aandelesertifikate
- Rekeningkundige rekords
- Besonderhede van vergaderings
- Direkteure — Enige
- Besonderhede van dividende en reserwes — 4x1=(4)

**[40]**

## VRAAG 3
## BEMARKINGSFUNKSIE

3.1.1 Om die produk te beskerm
Om verkope te verhoog — 2x2=(4)

3.1.2 Spesialiteitsverpakking — (2)

3.1.3 Verpakking vir dubbele gebruik
Gesamentlike verpakking
Kaleidoskopiese verpakking
Verpakking vir onmiddellike gebruik — 4x1=(4)

3.2.1 Posbestellings
Reisende agente
Direkte verkope aan kleinhandelaars
Stig 'n eie handelsonderneming (verkoopsplekke of takke) — 4x2=(8)

3.2.2

- Onvoldoende bedryfskapitaal om die distribusie (verspreiding) van die fabrikate te finansier.
- Wenslikheid om die beskikbare kapitaal lonender in produksie aan te wend.
- Gebrek aan ervaring en kennis van distribusie
- Eie fabrikate verteenwoordig nie 'n groot verskeidenheid verwante goedere wat vir direkte ekonomiese bemarking vereis word nie.
- Die verbruikersmark is wyd versprei. — Enige
- Die beskikbaarheid van kanale wat die diens van distribusie verskaf. — 3x2=(6)

3.2.3

- Markvorme
- Aard van vraag
- Beskikbaarheid van plaasvervangende produkte
- Normale handelspraktyke
- Vasgestelde pryse van produkte
- Verbruikersgedrag
- Die reaksie van handelaars — Enige
- Produksie- en verspreidingskoste — 5x2=(10)

3.3.1 Produkbeleid
3.3.2 Handelsmerk
3.3.3 Produsent – Verbruiker — 3x2=(6)

**[40]**

## VRAAG 4
## FINANSIËLE FUNKSIE

4.1.1 Kapitaalbegroting
4.1.2 Delegering
4.1.3 Kontantbegroting
4.1.4 Statusrapport
4.1.5 Skuldbriewe — 5x2=(10)

4.2.1 Onderskrywing van aandele

- Die minimum bedrag aandelekapitaal wat binne 60 dae na die eerste uitreiking van die prospektus verkry moet word.
- Indien dit nie verkoop is nie, moet die maatskappy ontbind en alle aansoekgelde vir aandele / skuldbriewe moet teruggestuur word.
- Om dit te voorkom reël die direkteure met 'n finansiële instelling om die maatskappy te onderskryf / garandeer.
- Die onderskrywer moet dit skriftelik onderneem.
- Die instelling sal al die oorblywende aandele wat nodig is om die minimum inskrywing te voltooi opkoop.
- Dit staan bekend as die onderskrywing / garandering van aandele.
- As die minimum inskrywing binne 60 dae ontvang is, sal die Registrateur van Maatskappye 'n Sertifikaat om sake te mag doen aan die direksie uitreik. — 4x2=(8)

4.2.2 Prospektus

- 'n Skriftelike uitnodiging aan die publiek om aandele in die maatskappy te koop en/of in te skryf op obligasies / skuldbriewe. — (4)

4.2.3 Eie kapitaal

- Dis kapitaal wat deur aandeelhouers bygedra word
- Reserwekapitaal
- Bydraes deur lede of vennote — (4)

4.2.4 Geleende kapitaal

- Word bygedra deur buitestaanders
- Korttermyn- of langtermyn-aard
- Skuldbriewe, leweransierskrediet
- Oortrokke bankrekeninge ens. — (4)

4.3 VOORDELE VAN VOORRAADVORMING
- Beter diens kan aan kliënte gelewer word, danksy betydse lewering.
- Geen verlies as gevolg van voorrade wat nie beskikbaar tydens produksie is nie.
- Minder bedryfskapitaal benodig, want die belegging in voorraad word tot die minimum beperk.
- Spaar ten opsigte van stoorruimte, stoor- en hanteringskoste
- Beperk verliese as gevolg van prysskommelings en veroudering in voorraad.
- Skakel duplisering van voorraad uit.
- Beperk verliese as gevolg van nalatigheid en diefstal. 5x2=(10)

**[40]**

## VRAAG 5
## VERSEKERING

5.1 NIE – VERSEKERBARE RISIKO'S

- Tydsverloop tussen bestellings en ontvangs van goedere. Veral in buitelandse handel vanweë groot afstande.
- Huidige pryse daal voordat bestelling ontvang is.
- <u>Pryse verskil van plek tot plek</u>. Handelaar koop in Durban, verkoop in Pretoria. Later word bevind dat pryse in Pretoria laer is.
  <u>Verandering in metodes</u>. Mode-ontwerp vir 'n bepaalde jaar.
- <u>Verbetering van masjiene, produksieprosesse en tegnieke</u> a.g.v. uitvindings en navorsing word goedere goedkoper geproduseer.
- <u>Verliese a.g.v. oninbare skuld</u> Enige 3x2=(6)

5.2

Voorbeelde van versekerbare belang
- Persoon in eie lewe: a.g.v. vermoë om te verdien.
- Getroude persoon in lewe van eggenoot/e: omdat die persoon inkomste-afhanklik is.
- Vennoot in medevennote: omdat skielike dood groot finansiële las kan meebring.
- Skuldeiser in skuldenaar: geld aan hom verskuldig. (Sedering van polis). Enige
- Verbandhouer in lewe van skuldenaar 4x2=(8)

5.3 Stappe
- Aansoekvorm deur aansoeker ingevul
- Versekeraar of sy agent kwoteer premie nadat risiko bepaal is.
- Indien versekerde tevrede is met die premie, betaal hy.
- Hy ontvang 'n kwotasie, wat dien as voorlopige polis (dek- of sluitnota).
- Oorhandig of stuur die polis aan die versekerde. 4x2=(8)

5.4 Herversekering
- Versekeringsmaatskappye van professionele herversekeringsmaatskappye
  - Herversekeringsmaatskappye doen slegs sake met versekeringsmaatskappye.
  - **Voorbeeld**: Versekerde - versekeraar 1 - herversekeraar Versekeraar 3 (oorsee)
  - Of aansoeker neem 'n aantal polisse by verskillende versekeraars uit totdat bedrag van dekking volskryf is.
  - Breë publiek mag nie met herversekeraars onderhandel nie. (4)

5.5 VOORDELE VAN VERSEKERING

* Alle produksiewerksaamhede is voortdurend aan gevare blootgestel. Natuurkragte (storms) buite menslike beheer.
* Sedeer: Versekeringspolisse kan aan banke gesedeer word (oorgemaak) as sekuriteit vir lenings.
* Spaar: vorm van verpligte besparing: om onnodige kommer uit te skakel.
* Sekuriteit aan werknemers: werkloosheid, pensioen, ongelukke en beserings.
* Sekuriteit aan werkgewers: a.g.v. onverantwoordelike optrede van werkers bv. diefstal, ongelukke.
* Sekuriteit aan sakemanne: skadeloos teen enige moontlike verlies wat hulle mag ly, dus groter beskerming, sekuriteit en sekerheid vir groter nasionale welvaart.

5.6.1 Onderversekering (1)

5.6.2 $\frac{80\,000 \times 20\,000}{120\,000}$

=R13 333,33 (3)

**[40]**

## VRAAG 6
## PRODUKSIEFUNKSIE

6.1 Kwaliteitsbeheer

* Moet 'n stelsel bestaan waar daar bepaal kan word waar defekte in produksie voorkom.
* 'n Inligtingstelsel word bygehou om defekte en afwykings in die produksieproses aan te toon.
* Werkers en inspekteurs moet vertroud wees met standaarde; 'n toleransiegrens word vasgestel vir elke taak (m.a.w. geringe standaardafwykings wat aanvaarbaar is).
* Aantal inspeksiepunte word bepaal.
* Betroubare ekonomiese inspeksiemetodes moet vir elke produk/komponent gevind word. Enige 3x2=(6)

6.2.1 Die punt waar die onderneming nog 'n wins nog 'n verlies maak. (4)

6.2.2 Die koste van arbeid wat direk tot die produk se produksie bygedra het, bv. die persone wat 'n fiets monteer. (4)

6.3.3 Massaproduksie
Stukproduksie
Reeksproduksie / Bondelproduksie / Lotproduksie (6)

6.4.1 Standaardmasjiene
6.4.2 Produksie per bestelling
6.4.3 Langtermyn-
6.4.4 Masjienlading 4x2=(8)

6.5 Konstruksieveiligheid
Brandveiligheid
Beveiliging van werkers
Veiligheidsaspekte in terme van die Fabriekswet 3x2=(6)

6.6 Voordele van produksiebeplanning
* 'n Gladde produksieverloop bevorder arbeidsgeluk en tevredenheid.
* Werkers weet watter standaard van hulle verwag word; dit skakel meningsverskille uit.
* Deur hoër produksie, kan werkers meer verdien.
* Werkstoestande is aangenaam, veilig en higiënies.

Enige 3x2=(6)
**[40]**

## VRAAG 7
## DIE ONDERNEMING EN SY OMGEWING / ADMINISTRATIEWE FUNKSIE

### 7.1 DIE FUNKSIES OF DIENSTE VAN DIE S.A. RESERWE BANK

* Bank van uitgifte, m.a.w. het die alleenreg op die uitgee van papiergeld (banknote).
* Bewaarder van die land se goudreserwes.
* Bewaarder van die kontantreserwes van handelsbanke en ander finansiële instellings.
* Dit is 'n verrekeningsbank, of 'n bank vir ander banke.
* Dit is die bankier van die staat.
* Dit tree op as kredietbeheerder van die land en beheer ook die hoeveelheid geld in omloop op die volgende wyses:
  (a) Verhoog of verlaag afslagkoers
  (b) Opemark-transaksies
  (c) Vermeerder of verminder kontantreserwes
  (d) Dissiplinêre maatreëls teen banke
  (e) Stabiliseer wisselkoers

Enige 4x2=(8)

7.2 Die dienste van die WNNR kan soos volg saamgevat word:

* Om wetenskaplike en nywerheidsnavorsing in die RSA te onderneem en te bevorder.
* Om die minister van Handel en Nywerheid van raad te dien oor navorsing in die belang van die Suid-Afrikaanse handel en nywerheid.
* Om saam met die onderwysowerhede en ander organisasies onderrig in die wetenskap, asook die opleiding van navorsers en tegnoloë te bevorder.
* Die ontwikkeling van menslike hulpbronne. Dit sluit in personeelnavorsing, opleiding van personeel, opleidingfasiliteite, ens.
* Die ontwikkeling van materiële hulpbronne. Dit sluit in navorsing t.o.v. produksiemetodes, produksieverbetering, ens.
* Die ontwikkeling van gemeenskapsdienste. Dit sluit in navorsing oor behuising, voeding, lugbesoedeling, waterbenutting, ens.
* Die ontwikkeling van nasionale dienste. Dit sluit in navorsing oor vervoerdienste, kommunikasiemiddele, ens. (infrastruktuur)

Enige 4x2=(8)

7.3 **SAKEKAMERS EN KAMERS VAN KOOPHANDEL**

- Die bevordering van handel in hulle dorp of stad in die algemeen
- Om as arbiter op te tree in geskille tussen lede
- Om onbillike mededinging te probeer uitskakel
- Om nuwe wette, regulasies ens. te bestudeer en dit dan onder die aandag van lede te bring
- Om eenvormigheid te verkry wat betref winkelure, lone en pryse
- Om te agiteer vir munisipale regulasies en wetgewing wat in die handelaar se voordeel is
- Om 'n swartlys van slegte betalers op te stel

Enige 4x2=(8)

7.4.1 Statistiek
7.4.2 Bestuursinligting
7.4.3 Bestuursinligting
7.4.4 Data
7.4.5 Inligting 5x2=(10)

7.5

- Die aard van die onderneming
- Die grootte van die onderneming
- Gestandaardiseerde werksprosedure
- Gehalte van personeel
- Diversifikasie van werksaamhede
- Geografiese verspreiding van werksaamhede

Enige 3x2=(6)
**[40]**

## VRAAG 8
## ALGEMENE BESTUURSFUNKSIE

8.1.1 Topbestuur
Strategiese of langtermynbesluite

8.1.2 Middelvlakbestuur
Taktiese of mediumtermynbesluite

8.1.3 Laevlakbestuur
Bedryfsbestuursbesluite of korttermyn-besluite 3x4=(12)

8.2 Lynstruktuur
- Eenvoudig en maklik verstaanbaar
- Verwarring word uitgeskakel
- Gesag en verantwoordelikheid is maklik bepaalbaar
- Vinnige besluitneming is moontlik

Enige 3x2=(6)

8.3 Beginsels

- Beplanning moet buigsaam wees ten einde aan te pas by veranderde omstandighede.
- Moet sonder uitsondering altyd wetenskaplik wees en alle moontlike faktore moet ontleed en oorweeg word.
- Die metode en tegniek wat gekies word, moet die geskikste wees vir die bepaalde taak of probleem.
- Omdat beplanning op verskillende vlakke plaasvind, moet dit in 'n hiërargie van planne gekoördineer word.
- Moet realisties wees, met ander woorde uitvoerbaar en ekonomies.
- Daar moet die nodige balans in die beplanning van die werksaamhede op die verskillende vlakke wees, veral roetineplanne.
- Inligting oor al die planne moet deur 'n doeltreffende kommunikasiestelsel aan al die belanghebbendes oorgedra word.
- Die tydperk van vooruitbeplanning moet realisties wees en met ontwikkeling op alle fronte rekening hou.
- Die tydsberekening vir beplanning en die uitvoering daarvan is belangrik.
- Dit moet op skrif gestel wees.
- Die plan moet eenvoudig en helder wees.
- Dit moet 'n middel tot 'n doel wees, nie 'n doel op sigself nie.

Enige 4x2=(8)

8.4 **Die volgende sake sal 'n werker motiveer**

- Werksekuriteit
- Redelike vergoeding
- Erkenning (waardering) vir goeie werk
- Belangstelling in die werker as mens
- Goeie menseverhoudings
- Menswaardige behandeling
- Kommunikasie met mense
- Redelike opdragte
- Geleentheid tot selfverwesenliking
- Werksbevrediging
- Geld
- Byvoordele
- Wil ander help
- Waardering

Enige 6x1=(6)

8.5 **Vereistes vir besluitneming**

- Al die vereiste aktiwiteite moet behoorlik georganiseerd wees.
- Die onderneming moet in 'n bepaalde rigting beweeg.
- Die 4 produksiefaktore moet gesinchroniseer/gekoördineer word.
- Daar moet gesonde besluitneming plaasvind.

Enige 4x2=(8)
**[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [200]**

**TOTAAL: 300**